



Jy kan baie pret met musiek hê.

FOTO'S: VERSKAF



Le Grand Cirque, Fantazie, is tot 10 Julie in die Kunstekaap te sien.

FOTO: VERSKAF

Opwinding op Kaapse verhoog

Le Grand Cirque, Fantazie is 'n opwindende en betowerende produksie wat van vandag in die Kunstekaap-operahuus in Kaapstad te sien is. Die speelvak duur nog tot 10 Julie. Die vertoning was onlangs in Las Vegas, waar al die vertonings uitverkoop was. Dit is 'n geleentheid wat jy nie kan misloop nie! Bespreek by Computicket of Kunstekaap se Bel-'n-Sitplek by ☎ 021 421 7695.

GOEIE NUUS!

Jy kan kaartjies wen na die vertoning op Saterdag 3 Julie om 14:00. Die eerste vyf lesers wat e-pos stuur na abcomm@global.co.za met "KleinB-weggee" in die onderwerpveld, gaan elkeen met 'n dubbelkaartjie wegstap.

Leer musiek waardeer

Die *Musiek vir Ons Kleintjies*-tuispakket, 'n program wat deur die SA Musiekwaarderings- en Ontwikkelingskool ontwikkel is, is gegrond op die kurrikulum wat in die musiekskole aangebied word.

Dit beklemtoon dat doelgerigte musiekaktiwiteite deelnemers se musiekwaarderingsvermoë en liefde vir musiek, asook hul intellektuele, emosionele, sosiale, motoriese, luister- en konsentrasievaardighede spelenderwys ontwikkel. Dit dra by tot 'n positiewe selfbeeld wat die sterkste grondslag is wat 'n mens vir 'n kind kan leer om as 'n unieke, gebalanseerde volwassene met 'n positiewe uitkyk op die lewe groot te word.

Die **tuispakket**, 'n gekondenseerde weergawe van die volledige

musiek-en-bewegingsprogram wat ook as aanvulling gebruik kan word in die musiekskole, gee aan gesinne die geleentheid om saam by die huis die unieke *Musiek vir Ons Kleintjies*-program te geniet en terselfdertyd hul kind se totale menswees aan te raak en te ontwikkel. 'n Groot voordeel van die tuispakket is dat kinders op plattelandse dorpie waar daar nie 'n SA Musiekwaarderings- en Ontwikkelingskool is nie, wat tuisonderrig ontvang of deur kinderoppassers by die huis opgepas word, aan die musiekaktiwiteite kan deelneem.

Die pakket word verpak in 'n aantreklike helderkleurige boks, is beskikbaar in Afrikaans en Engels en bestaan uit tien temas wat fokus op die spesifieke ontwikkelingsstadium van die kind, asook

Jy kan vandag een van hierdie pakkette wen.



die onderskeie ontwikkelingsstake wat deur hom of haar bemeester moet word tussen een en ses jaar.

Die lessies is ongeveer 30 tot 40 minute lank en is saamgestel volgens 'n struktuur wat uiters gebruikersvriendelik is vir die hele gesin. Ook ingesluit is 'n CD met klankmateriaal, 'n verskeidenheid van slaginstrumente, asook 'n versameling van voelmateriale, onder meer vere, handpoppe,

plakkers, klei, balle en goggas.

Daar is ook geleentheid beskikbaar vir mense met 'n liefde vir kinders en musiek om hul eie SA Musiekwaarderings- en Ontwikkelingskool te begin.

Vir meer inligting oor sakeleenthede of 'n musiekskool in jou omgewing, stuur 'n e-pos-boodskap na musicsa@samusic-school.co.za of besoek die webwerf www.samusic-school.co.za.

wen! wen!

Jy kan 'n Musiek vir Ons Kleintjies-tuispakket ter waarde van R1 000 wen! Al wat jy moet doen, is om vir ons 'n SMS te stuur. SMS "Musiek" saam met jou naam en van na ☎ 35488.

Die kompetisie sluit Maandag 28 Junie om 12:00. 'n Gelukstreking word gehou en die wenner sal daarna telefonies in kennis gestel word.

◆ **Neem kennis dat hierdie pakket eers in Augustus beskikbaar sal wees.**

